

Wieg van die Mensdom

Die Wieg van die Mensdom is 'n wêrelderfenisgebied aan die Wes-Rand, Gauteng, in Suid-Afrika. Die area is net noordwes van Krugersdorp langs die N14 nasionale pad. Dit bestaan uit die Sterkfonteingrotte, Swartkrans, Kromdraai en die omliggende dele. Dit is een van die plekke waar die heel oudste hominied- of aapmensfossiele ter wêreld gevind is. Ander fossiele van uitgestorwe dier- en plantspesies is ook al hier gevind. Die fossiele is vasgevang in dolomiet-rotse wat na raming tot 2,5 miljoen jaar oud is. Daar is elders in Afrika ook soortgelyke vondste, maar nêrens is daar so baie fossiele soos by Die Wieg van die Mensdom nie.



Die eerste bewys van die bestaan van ons voorsate, die australopithesene, en van hul swerftog van die tropiese woude van Afrika na Suider-Afrika, is in Suid-Afrika ontdek. Die australopithesene ("suidelike ape") was pre-menslike ape wat tussen 4,5 miljoen en 1,5 miljoen jaar gelede op die grasvlaktes en in die savannegebiede van Oos- en Suider-Afrika geleef het. Hulle het regop geloop omdat hul dye langer was as dié van ape, terwyl hul arms korter was en hul bekkeenskelet geskik was vir 'n regop liggaamsposisie. Verskillende variasies van die Australopithecus-genus was Australopithecus Robustus en Australopithecus Africanus.

In 1924 het Raymond Dart, 'n Australiër van geboorte wat in 1922 hoogleraar in Anatomie aan die pas gestigte Universiteit van die Witwatersrand geword het, gehoor van 'n bobbejaanskedel wat in 'n kalksteengrot naby Taung in die Noordwes-provinsie gevind is. Hy het gevra dat enige ander beendere of fossiele wat gevind word, na hom aangestuur moet word.

Ons voorsate: Die Taung-kind

Dit het Dart omtrent 'n maand gekos om genoeg klip rondom die fossiel te verwyder om die gesig van die jong primate bloot te lê. Dart was oortuig dat die skedel 'n oorgang tussen ape en mense verteenwoordig. Hy het inderhaas 'n artikel vir die tydskrif (kursiveer tydskrif se naam) Nature geskryf om die vonds te beskryf, en het dit Australopithecus africanus (suidelike aap van Afrika) genoem. Ná aanvanklike lof het wetenskaplikes die **Taung-kind** as 'n blote aap verwerp. In die 1930's en 1940's het Robert Broom nog talle ander australopithesene-fossiele in Gauteng en Limpopo ontdek, en so Dart se bewering gestaaf.



Bekende opgrawings by die Wieg



Die Sterkfonteingrotte naby Krugersdorp buite Johannesburg het meer fossiele van voormenslike australopithesene (meer as 500) as enige ander enkele plek ter wêreld opgelewer. Die bekendste is die bykans volledige skedel van "**Mev. Ples**", soos die media dit genoem het. Die fossielnavorsing wat dr. Robert Broom by Sterkfontein onderneem het, is in die tweede helfte van die 20ste eeu hoofsaaklik deur prof. Phillip Tobias van die Departement van Anatomie aan die Universiteit van die Witwatersrand en dr. C.K. (Bob) Brain van die Transvaal-museum voortgesit.

Kort nadat Suid-Afrika die Wêrelderfeniskonvensie in die laat 1990's onderteken het, is verskeie vindplekke van vroeë hominiede in Gauteng wes van Johannesburg as 'n Wêrelderfenisterrein benoem en aanvaar. Daarna het die terrein by Taung in die provinsie Noordwes en Makapan in Limpopo deel geword van wat algemeen as die Wieg van die Mensdom bekend staan. Klipwerktuie is in die boonste lae van sommige van dié plekke gevind, wat toon dat ware mense ook daar geleef en gesterf het.

Al die fossiele het behoue gebly omdat die beendere tussen vier en een miljoen jaar gelede in kalkgrond beland het – hoofsaaklik in erosieholtes in dolomiet. Navorsing toon dat die australopithesene en talle van die ander diere waarvan beendere in die dolomiet in fossiele verander het, meestal die prooi van groot roofdiere soos die uitgesterwe Dinofelis was. Beendere met brandmerke by Swartkrans in 'n laag wat ook die reste van vroeë mense bevat, laat 'n mens glo dat mense wat in die grot geskuil het, reeds 'n miljoen jaar gelede geleer het hoe om vuur te benut. Dit het hulle dalk gehelp om met roofdiere mee te ding.

Een van die interessantste fossiele is die sogenaamde "**Kleinvoet**". Dit is ouer as die meeste ander australopithesene (sowat 3,2 miljoen jaar), en hy is eers aan sy voetbene uitgeken. Dié het getoon dat hy minstens gedeeltelik nog in bome gewoon het. Ná sorgvuldige speurwerk deur Nkwane Molefe en Stephen Motsumi (op versoek van dr. Ron Clarke) is die res van die skelet blootgelê in die breksie wat Sterkfontein se dolomietgrot vul. Die feit dat feitlik die hele skelet ontdek is, laat 'n mens dink dat die individu nie deur 'n roofdier doodgemaak is nie, maar in 'n diep gat geval het en nie kon uitkom nie.



Danksy die uitsonderlike toestande wat die beendere bewaar het, bied dié terreine 'n unieke blik op die verlede. Enkele van die fossiele word by uitlegsentrums by Sterkfontein en die Mohale-hek uitgestal, met 'n verduideliking waarom hulle so belangrik is.

Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/Wieg_van_die_Mensdom

(Geredigeer deur Marianne Strydom)



Klik op bostaande prent om te sien watter blokkiesraaisels

reeds op LitNet gelaai is